**27 Februarie 2014**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:1-5**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:4-5 (1933/53- en 1983-vertaling)**

## Die gawes van wat ons van God ontvang, is alles goed

Onomwonde word dit vir ons hier duidelik dat, tussen Christus se hemelvaart en sy wederkoms, dwaalleer sal toeneem en dat gelowiges van die geloof afvallig sal raak. Hulle sal die valse leerstellings van duiwels volg en eerder die duiwel glo, wat reeds in die paradys die woord van God verdraai het.

Vandag is daar moderne dwaalleraars wat sommige sleutelwaarhede van die Woord van God verwerp en verdraai. Hierdie teoloë betwis onder andere die maagdelike geboorte van Jesus en sy opstanding uit die dood. In Paulus se tyd was daar al valse leraars wat onder andere die huwelik en sekere voedselsoorte verbied het.

Ons weet tog ook dat alles wat God geskape het, goed is. Ons lees in Genesis 1:31 dat, nadat God die hemel en die aarde geskep het, Hy gekyk het na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Daarom weerklink die woorde van die Ou Testament regdeur tot in die Nuwe Testament: “Alles wat God gemaak het, is immers goed.” Niks wat God ingestel het of gemaak het, is sleg nie – nie die huwelik nie, ook nie voedsel nie. Die vraag is: “Hoe ontvang ons hierdie gawes?” en: “Wat maak ons daarmee?”

Ons is so geneig om aan tafel dankie te sê vir dit wat ons uit God se hand ontvang, en dan gebeur dit baie maklik dat ons onsself ooreet. In werklikheid is ons dan besig om die gawes van God te misbruik. Die kuns is om te bepaal of iets “goed” of “sleg” is en dan onsself af te vra of dit vir ons moontlik is om die Here daarvoor te dank. So sal dit byvoorbeeld nie vir iemand wat korrup is, moontlik wees om die Here te dank vir dit wat hy deur uitbuiting bekom het nie.

Meer belangrik, omdat God lief vir ons is, mag ons niks wat Hy aan ons gee, verwerp nie. Die wonderlike genade is dat ons nie net hierdie gawes van God ontvang nie, maar dat dit deur die Woord en deur gebed geheilig word. Ontvang dan hierdie gawes van God met dank en loof Hom daarvoor in gebed.

Sing: Psalm 107-1:1, 10

Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)